

O E S T Y D

2de kwartaal 2013

Geagte Broer en Suster,

Dankie aan elkeen wat finansieël bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsoffer-beloofte na te kom. Indien u koeverte vir u Geloofbelofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou.

ALTA GLAS skryf uit KAMBODJA

Nuusbrief: April 2013

Die afgelope maande is soos 'n droom verby, eers het Saran en ek Veritas Kollege se Internasionale Konferensie in Malta bygewoon. Die 10 dae was 'n onvergeetlike ondervinding. Een dag was opsygesit om in die antieke dele van die eiland te gaan rondloop. Verder was ons dae grotendeels gevul met vergaderings. Vir my persoonlik was dit 'n seën om te hoor hoe die bedienings in ander lande funksioneer. Ons het ook die kontak met die ander lande se Veritas Kollege personeel geniet.

Ons moes vanaf Kaïro teruggevlieg na Bangkok sodat Sok by ons kon aansluit vir die Suid-Afrika besoek. Hy moes alleen vanaf Kambodja na Bangkok vlieg en kan nie Engels praat of verstaan nie. Ons dank die Here dat ek vooraf gereël het dat Sok 'n 'roaming' simkaart in Kambodja aankoop sodat ons hom in die lughawegebou kon bel, want hy het verdwaal! Dit voel asof 'n mens net nie genoeg voorsorg- maatreëls kan tref om dinge in plek te laat val nie!

Die besoek aan Suid-Afrika was nogal besig. Gelukkig het die manne nie dié keer by die lughawe probleme ondervind nie en was Suid-Afrika nie meer 'n vreemde plek vir hulle nie. Dit bly egter vir my persoonlik 'n vermoeiende en stresvolle tyd om gedurigdeur beskikbaar te wees en dinge te probeer uitsorteer. Die manne het glad

nie 'n idee van al die reëlings en voorbereidings om afsprake na te kom nie. Hulle het gesê dat hulle dié keer baie meer geniet het, lekker gerus het en ook dat die vleispotte van 'Egipte' baie lekker was!!!

Dankie aan elke gemeente en individu wat die besoek vir ons moontlik gemaak het.

Ons het gehoop om fondse vir Veritas-Kambodja te werf, wat egter nie gebeur het nie. Een groot donasie het ons bemoedig met die wete dat God in beheer is. Ons dank ook die Here dat, alhoewel ons nie direkte fondse gekry het vir ons tyd in Suid-Afrika nie, ons genoeg gehad het en in ons behoeftes voorsien is.

VERITAS NETWORK CAMBODIA

Saran, Sok en Vanna het 'n John C. Maxwell Leierskap konferensie in Phnom Penh bygewoon.

Saran aan die woord: "I have joined the workshop "**Today Matters**" for 3 days. It is very important for me to involve this workshop because I could learn a lot about how to make the decision in the right way by compare own idea with the Bible. Before I think that **success** come from the best job, ability, opportunity, communication, acknowledgment... it really surprised me that this lesson said that all these things is not right.

From the scripture I learn from Daniel's life:

1. Make the decision to follow God in advance
2. Clear Planning
3. Ready to prepare own self for doing new things
4. Finalized what we have started

This workshop really encouraged me with the new idea that I could learn and improve my knowledge with how to apply the idea and reality in the Bible into the real life."

Bid asseblief saam dat die Here vir ons nog 'n langtermyn personeel lid sal gee wat 'n hart het vir Veritas en inpas by ons span.

ALTA - PERSOONLIK

Die tyd in Suid-Afrika was vir my 'n ongelooflike seën. Ek verlang na 'accountability' en daarom was dit lekker om dié keer nie net positiewe terugvoer nie, maar ook negatiewe te kry. Die Here het ook nuwe deure en nuwe vriendskappe oopgemaak waaroor ek ongelooflik dankbaar is.

Eer God en Bid saam: *Veritas*

- Die goeie besoek aan Suid-Afrika en die groot eenmalige donasie wat ons ontvang het.
- Nuwe personeellid, kantoor en dat ons almal nader en in Hom groei.
- Fondse vir ons bediening – daarsonder kan ons nie groei en al die groepe wat wag bereik nie.

Evangelisasieveldtog

Ons is ongelooflik opgewonde omdat ons aan die einde van Junie 'n groot 2-dae uitreik in Sok se 'village' area gaan hê. Bid asseblief vir die logistiek en die nodige toestemming van al die 'village', provinsiale en ander leiers.

E-pos ontvang 15 Mei 2013

Dear Friends

For the first time ever I am standing at the place of uncertainty re the renewal of my Cambodian visa.

A new law come to be which expect to have a work permit in Cambodia – to work at a registered International NGO or etc.

EFC say that they are not sure if my visa will be renewed – we had to give EFC \$275 for a visa which is supposed to be free – they pay other people to provide' a service' with that money in order to try and get it. I will know in the next two weeks if it is granted or not. If not

Please pray

- for 'favour of the authorities' – my visa expires this month
- that I will rest in God and will remember that He is in control.
- wisdom and knowledge for the future re this challenge

Thank you for your prayers

E-pos van 31 Mei 2013

Die brief is sommer net om julle bietjie op datum te bring met dinge wat in die bediening gebeur en ook in Kambodja. Ek is opgewonde en eer God vir die wonder dat al die uitdagings wat huidig oor my pad kom in oorwinnings uitloop.

Ek is veral dankbaar dat ek weer 'n visa vir 'n jaar ontvang het – bid asb saam dat ek duidelik die Here se leiding vir my bediening in Kambodja sal hoor/verstaan. Die nuwe wette gaan vir ons dinge bietjie onseker maak en ons bietjie 'rond gooi' maar dit beteken nie toe deure nie maar wel aanpassings.

Veritas

Dinge in ons land is so bietjie deurmekaar – mense en organisasies wat nooit voorheen belasting betaal het nie moet nou – ook ons by VNC. Daar is gewaarsku dat meer dinge gaan verander – soos die crack down oor paspoort regulasies ens. Deel van 'n groeiende ekonomie.

Saran se sieke – VCI het 'n donasie gegee vir mediese ondersoek op my versoek (dankie julle, die afgelope jaar het ek regtig geleer hoe oop julle harte is, nie net finansies maar ook ander dinge) Hy het 'n intestinale fungal infection & ulcer wat bietjie gebloei het.

Ek het regtig empatie vir hom en besef dat hy sukkel – intestinale infeksies is algemeen hier by ons, feitlik elke Khmer persoon met wie jy gesels sukkel met dit. Hy het ook 'n tipe A persoonlikheid – dus stres maklik....

Ek moet egter erken die feit dat hy nou vir eers net 2 weke 'n maand gaan werk my onseker gemaak het oor waarnatoe Veritas Kambodja in die toekoms op pad is – ek het Exodus 6:9 onthou “Moses reported this to the Israelites, but they did not listen to him because of their discouragement ... ‘ okay okay ek ken die teks se agtergrond, verskillende vertalings etc... Ek het egter besef soos wat die moedeloosheid van die Israeliete hulle verblind het en hulle laat vas kyk het teen die probleme wat hulle ervaar het en dat hulle hoop verloor het dat God se belofte in Ex 6:6 waar sou word dit is waar ek die afgelope 3weke gestaan het en nog in 'n mate staan. Ek weet dat God my geroep het om Veritas te establish in Kambodja, ek weet dat Hy die één persoon is wie se woord onveranderd is – tog sukkel ek en wens ek dikwels dat daar hier saam met my iemand is wat dié stryd stry.... eerlik as Saran sou besluit om te bedank weet ek nie wat ek sal doen nie...

Alles is nie negatief nie – 'n sonstraal was dat toe ons verlede week sit en beplan het hoe ons gaan werk (Saran se verminderde werksure) – het alles in plek geval, ek het nie nodig om enigiets 'terug te vat' wat ek al aan hulle oor gegee het om te doen nie. Saran nog steeds die direkteur net met 'n ligter werkslading, Sok werk 2 dae meer en Vanna wat voltydse werk sal van die admin oorvat. – DUS die negatief bly uiteindelik 'n positief!!!!

'Bamboo' shoot

Nary en Gime het die kinderbediening, die huis besoeke en evangelisasie in Angdong TaÉen heeltetal oorgevat - dit gaan goed

Die beplanning vir die 2 evangelisasie uitreike in Sok se village gaan goed - 5 Julie die dag vir die kinders en 6 Julie vir die volwassenes, die Jesus film in Khmer sal ook gewys word. Ons (Hennie-hulle en ek sal heeltetal op agtergrond wees, die Khmer sal alles doen)

Daughters se senior personeel is almal op die summer holidays en ek is gevra om vir 2 – 3 maande te help met die maatskaplike afdeling. 'n Dogtertjie van 8 was 2 weke gelede erg verkrag en het baie 'seer gekry' – die senior personeel voel dat die jonger deeltydse personeel en die Khmer nie die nodige maturiteit het om in extreme cases te help nie, ek sal ook die debriefing doen van die Khmer maatskaplike werkers ens.

Verkiesings – 28 Julie

Daar is orals vrese dat daar geskietery gaan wees tussen die 2 politieke partye. Sekere organisasies het of is besig om contingency planne in plek te sit. Ek sal nader aan die tyd kyk hoe dinge lyk en heel moontlik vir 'n paar dae Thailand toe gaan – goeie tyd om vir nuwe paspoort te gaan aansoek doen.

Ek sien nie kans om weer hier te wees as daar geskiet word nie - 1997 was ek hier in Kambodja en wil nooit weer so iets ervaar nie.

E-pos van 1 Junie 2013

Ek het gisteraand besef ek het nog nie laat weet dat ek my visa einde verlede week vir 'n jaar hernu is nie, ek het ek het een van ministry van foreign affairs ontvang – ek verkies dit teen 'n besigheids ... verskeie redes.

1. Daar is nog mense wat inkom en besigheid visas ontvang – daar is ook 'n klein persentasie wat se dat die polisie al na hulle huise gegaan het en gesê het dat as mense in land is met besigheid visa dan is daar salarisse en dan belasting....
2. Almal sal moet werkskontrakte hê om te kan wys wat hulle in die land doen – ek sal een by VCI Aus kry, VNC en ook moontlik een by Daughters. Nuwe huis kontrakte gaan blykbaar ook nie gegee as daar nie werkskontrakte is nie

Baie dankie vir julle almal wat gebid het ek loof die Here vir die voorreg om nog in Kambodja mag te wees – mens besef nie die waarde wat iets vir jou het nie totdat daar 'n moontlikheid is dat jy dit kan verloor.

Nuwe gebedsversoeke

1. NB NB Bid asb vir die groot evangelisasie veldtog wat ons in Sok se village beplan 6 Julie (fokus kinders) & 7 Julie (fokus volwassenes)
 - a. Toestemming van village en provinsiale leiers
 - b. dat dit nie gaan bots met politieke vergaderings in die evangelisasie area nie
 - c. oop harte en die Heilige Gees se werking
2. Vir eerste keer ooit word ek blootgestel aan belasting skale etc ... die personeel moet nou begin belasting betaal almal verskillende skale ... bid asb dat ek nie foute maak nie en dat ons alles reg sal doen om binne wette te bly.
3. Daar is baie veranderings wat huidig op regeringsvlak begin gebeur (taxes, visas, Khmer moet almal motorfiets assuransiess hê ens ens) – dit alles bring soort van onsekerheid en woelinge omdat al die dinge nuut is vir Kambodja maar Kambodja is 'n vinnig ontwikkelende land en dit is te wagte. Bid asb dat ons almal (Khmer en uitlanders) rustig sal wees en tree vir tree deur dinge werk soos dit gebeur.
4. 28 Julie is daar 'n verkiesing in Kambodja – daar is baie stories van geweld ens wat gaan plaasvind tussen die 2 politieke partye wat staan – ander se weer alles is okay – ek los dit vir jou om die storie op web op te soek as jy sou belangstel.
 - a. Bid asb dat daar geen geweld sal wees nie, vir die 2 politieke partye ens ens
 - b. Bid asb dat die Khmer sonder intimidasie of vrees sal kan stem
 - c. Baie van julle ken redelik baie inligting oor die land – laat dit jou lei

E-pos van 2 Mei 2013

Sedert my terugkeer na Frankryk begin Maart het dinge vinnig verloop. Ons het 'n "rustige" Algemene Sinode in Maart gehad. Na die sinode het ons gemeente ons Algemene Jaarvergadering gehad. 'n Week na die vergadering het ons uitgevind dat die Stadsraad nie meer aan die gemeente 'n subsidie van R100 000 per jaar vir instandhouding van geboue en pastorie gaan gee nie. Hierdie subsidie is al verskeie jare aan die gemeente toegestaan – wat uiteindelik 'n wonderwerk vir Frankryk of seker vir enige land is. Die feit bly dat ons nou ander planne moet maak.

Vir Paasweek het ons 'n diens die Vrydagaand gehad en Paassondag ontbyt voor die erediens.

Die 4 Bybelstudiegroepe gaan voort: 3 bestudeer die gelykenisse hierd jaar en 'n vierde sekere basiese leerstellings van die Christelike geloof (Bybel, God, Jesus Christus, Heilige Gees, Kerk, ens).

Ons reël vir Vrydagaand 24 Mei 'n kaas en wyn aand met 'n foto-uitstalling rondom die beeld van wingerdstok. Ons hou dit in 'n munisipale saal. Ons probeer wyd uitnooi: burgermeester, stadsraad, onderwysers, huisdokter, apteker, driekampers, besigheidsmense in die omgewing. BID asb vir hierd geleentheid dat ons mense geïntereeserd sal maak in die Christelike geloof.

Ons het die afgelopen week ons Suid-Afrikaanse sendelinge byeenkoms gehad. Ons was seker so 25 wat die 2½ dae bygewoon het en dan nog 2½ dae die van Veritasfasiliteerdersopleiding. Ons moet nog aan vertaling werk en behoort teen die einde van die jaar met korreksies en die verskeie herlees van manuskrip van module 1 klaar te wees. Dan sal ons 'n proeflopie begin 2014 doen.

Die uitdaging bly om na mense in ons omgewing uit te reik. Die gemeentede het nie die gewoonte nie – veral die jonger geslag. Die omgewing waar ons bly, is nie eintlik 'n omgewing waarheen mense sal wil kom om te bly nie. Dis ook glad nie 'n studenteomgewing nie. Daar's heelwat fabriek en besighede in die omgewing.

Met die kinders gaan dit min of meer goed. Daar's maar altyd een wat êrens 'n skeed het. Sophie bly nog moeg en is nog altyd onder behandeling.

Freddie Swart skryf oor GURUE Radiobediening - MOSAMBIEK

Nuusbrief 13 Februarie 2013

Met Allen en Ansie se vertrek op 2 Januarie vanjaar was dit nogal 'n aanpassing vir Dirk om voort te gaan met bystand aan die radiobediening in Gurue. Die oorgang het geleentheid geskep vir moontlike uitbuiting deur die bedieningswerkers aangesien Dirk nog nie vertrouwd was met die bestuur van die opname-ateljee nie. Dirk het so 'n poging egter gou in die kiem gesmoor en oefen hy reeds 'n sterk kontrole uit oor die programopstellers se werkswyse. Hy het ook intussen malaria gekry en was hy baie siek daarvan. Gelukkig het hy gou herstel en kon hy die installering van die "whirly-birds" in die ateljee afhandel. Ongelukkig het die resultate van die installasie blykbaar nie aan die verwagtinge voldoen nie.

'n Terugslag het die bediening egter op Sondagmiddag, 6 Januarie getref deurdat weerlig die huis raakgeslaan het en heelwat skade aangerig het. Dirk was verplig om sy vrou Alida, na 'n dokter te Nampula (450km) die volgende oggend te neem vir ondersoek. Al die krag is uitgeslaan en aanvanklik is gevrees dat die sonpanele, kragkabel, batterye en rekenaars beskadig is. Laasgenoemde het gelukkig nog gewerk, maar 3 batterye het opgeswel en geen krag kon van die sonpanele verkry word nie. Dit het later geblyk dat die "inverters" buite werking geraak het. Intussen is die gemeenskapsradiostasie ook geraak deur die weerlig en het nog nie weer hul uitsendings hervat nie.

Dirk en sy gesin is met die skryf hiervan oppad na SA om sekere komponente van hul huiskrag asook die "inverters" te bring vir herstelwerk. Die Lister kragopwekker is darem in werkende toestand, maar gebruik diesel wat die opwek van krag baie duur maak. Die voordeel is dat steeds voortgegaan kan word met die opstel van programme sodat, wanneer die radiostasie weer in werking kom daar nie 'n agterstand van programmateriale sal wees nie. Met Dirk hulle se aankoms in SA sal daar opgevolg word met hom oor hoe die situasie ten beste bestuur kan word ten einde ons uitgawes te beperk.

Jakobus skryf (Jak.5:16b): *"Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking"!* Al verminder jy jou finansiële ondersteuning of staak dit selfs, moet tog nooit ophou om al die aspekte van hierdie bediening voor die Vader se troon te bring in gebed nie. Dit kos niks – net 'n regte hartsgesteldheid! Natuurlik sluit dit die finansies in waarsonder ons nie kan klaarkom nie, maar ook en veral ontvanklikheid vir die verkondiging van die evangelie aan mense wat dit nog nooit gehoor het nie sodat

die vrug daarvan vermenigvuldigend mag wees en meer mense God sal erken en eer vir wie Hy werklik is.

Nuusbrief -25 Maart 2013

Sedert ons laaste skrywe van 13 Februarie 2013 waartydens ons berig het van weerligskade aan die huis en toerusting in Gurue asook besering aan Alida (Dirk van der Schyff se vrou) het daar verskeie verwikkelinge plaasgevind.

Dirk en sy gesin het SA besoek om die beskadigde toerusting te laat herstel en om Alida deur plaaslike dokters te laat ondersoek aangesien sy nog nie herstel het van die weerlig-besering nie. Dit het uiteindelik geblyk dat die senuwee punte van haar liggaam aangetas is en dat medikasie en tyd haar volkome sal genees. Met die terugkeer na Gurue het hulle besluit om in die veranderde omstandighede eerder hul aanvanklike planne te laat vaar en hulle weer in SA te kom vestig. Hulle het dan ook finaal op die 18de Maart vertrek uit Gurue.

Dit het goed saamgeval met 'n dringende vergadering wat gereel is met die Gurue Radiobediening se direksie vir Vrydag, 22 Maart wat Dirk kon bywoon om verslag te doen van die nuwe situasie. Kragprobleme met die sonkragstelsel word steeds ondervind ten spyte van beskadigde komponente wat vervang is. Krag word tans voorsien deur die Lister diesel kragopwekker as 'n tydelike maatreel sodat die vervaardiging van programme kan voortgaan. Die huis is tans onbewoon wat dit 'n maklike teiken van vandale maak ten spyte van die wagte wat nog diens doen. 'n Vrou, Anita Louw, wat in Gurue woon, stel blykbaar belang om die huis te huur. Charl Cilliers van *Good News Missions* naby Gurue asook Frits van der Merwe (sendeling in Mosambiek) is genader om tydelik tot hulp te wees met die bestuur van die radioateljee.

Die lede van die direksie het, inagneming van al die feite, die volgende besluite geneem:

1. Dat 'n langtermyn oplossing sou gou moontlik gekry word deur 'n persoon op permanente basis daar te vestig as Ateljeebestuurder;
2. Dat toesighouding op 'n deeltydse basis toegepas word as 'n tussentydse maatreel totdat 'n permanente persoon gekry is;
3. Dat deeltydse toesighouding beperk word tot twee en 'n halwe maand wanneer die lugtyd vir die volgende ses maande hernu moet word;
4. Dat almal betrokke by hierdie bediening gevra word om hierdie belangrike saak voor ons Vader te bring deur gebed met smeking en danksegging; en
5. Dat indien geen persoon gevind word om die pos van ateljeebestuurder te vul nie, oorweeg moet word om die radiobediening te Gurue te termineer.

Allen van der Merwe besoek Gurue hierdie week om hulle laaste meublement te gaan haal. Hy sal dan terselfdertyd die kragprobleem ondersoek en herstel asook seker maak dat die bediening reg funksioneer.

Volhard asseblief in gebed! Hierdie is nie ons saak nie, maar God se bediening waarvan ons slegs medewerkers is. Hy het dit geïnisieer en sal dit ook voleindig wanneer Hy so wil. Kom ons bid dat sy wil salgeskied. Ons gaan intussen voort met ons finansiële ondersteuning in afwagting van sy openbaarde wil.

Nuusbrief -12 April 2013

Ons gesprekke met sendelinge in die omgewing van Gurue het toe nie veel vrug gelewer nie. Allen van der Merwe het egter intussen Gurue besoek om die laaste van hul meublement te gaan haal. Deur sy bemiddeling het ons in aanraking gekom met Joe en Anita Louw wat tans besig is om stelselmatig in die huis in te trek. In antwoord op 'n skrywe van Anthonie aan Joe het ons die volgende skrywe ontvang wat ek woordeliks deurgee:

Morning , Anthonie, Thank you for your mail. I speak and understand Afrikaans but must admit English is my preferred Language. My wife Anita is fluent in both languages and is very comfortable in Afrikaans. As you can see I have CC a copy of the mail to my wife Anita , she is presently visiting her sisters in Zambia and will be back here in Gurue by the 22nd April. I am manager of Tectona and Ntacula forestry operations in the Zambezia Province, The company has had a new change of management and is presently going through a restructuring exercise and operations are limited to maintainance ,cleaning pruning and fire protection . I am responsible for and look after Gurue , Nyamaroi, Milange , Alto Molocue and Mocuba operations. I do spend quite a bit of time managing and checking on our operations. In saying that my wife Anita is a house wife and spends most of her time at home. She is reasonably fluent in Portuguese and between the two us will be your contact between the project committe and yourselves. We do have access to internet, scanners, printers etc. Regarding technical problems with the project, I see no problem there and I will assist anyway I can. To be quite honest I was not really aware of your radio project until recently or the impact it has on the community. I will look into this and give you a feed back on how its doing and benefits and influence for the Gurue community. I presently stay in a furnished flat in the town, and am very keen to move out to the church house. I had a meeting last week with Alexandre and one of the church elders, It was a very pleasant meeting and am very happy with the people we spoke to. I am presently having to give 90 days notice to my present land lord , so in the next week or two especially when Anita is back, we will start moving furniture etc to the house, and doing some small repairs to

the water and power system. I told Alexandre I will start with renting the house from the first of April, and will pay in 3 monthly installments. I will also monthly pay the two church guards who are there, but will not officially employ them. I will also put one or two of my own company guards on at night for security. I am going to Lishinga next week tuesday and will be having a management meeting with my bosses and will sort the house payments / rent etc . I have been told that I would more than likely be transferred to lishinga in December, this is not official as yet. Hoping this meets with your approval and Im sure we will have a beneficial working relationship.
Best regards, Joe Louw.

Die skrywe spreek vanself en is goeie nuus vir die radiobediening. Dit beteken dat daar toesig sal wees en dat 'n kommunikasiekanaal geskep word waardeur ons op hoogte sal wees van alle verwickelinge. Die intensiteit van hul betrokkenheid sal uitgeklaar word in opvolgende gesprekke. Dit wil egter voorkom asof ons ten minste tot Desember verantwoordbare toesig sal hê oor die bediening.

Tydens Allen se besoek het hy kans gekry om ook die sonkragstelsel te herstel wat beteken dat die ateljee weer voltyds besig is om programme te produseer. Ons dank die Here wat weereens voorsien het in antwoord op ons gebede. Dankie vir elkeen wat hierdie saak voor die Here gebring het in gebed en wees verseker dat ons gebede nie tevergeefs was nie! Is dit nie opnuut bevestiging van die waarheid dat ons 'n lewende God aanbid nie. Laat ons ons dan met hernude ywer daartoe verbind om gehoorsaam te wees.

Bid vir:

- Die Omwiwa Yesu Bestuur vir leiding en wysheid en groei in selfstandigheid;
- Die programopstellers vir toegewydheid, selfdisipline en te leef deur die gees;
- Joe en Anita Louw, dat hulle in gehoorsaamheid die Heilige Gees se leiding sal volg en goeie samewerking sal gee; en
- Die luisteraars, veral dié wat dalk vir die eerste keer luister na die programme.

Allen & Ansie van der Merwe - MOSAMBIEK

Nuusbrief -Februarie 2013

Ons is nou op 'n nuwe plek (Chicombane, 15km Suid van Xai Xai), soos wat julle reeds weet, en is nog in die proses om verhoudings te bou. Hier gaan dit goed en daar is reeds vergaderings gehou om ons projek aan die gang te sit.

Projek

Daar is vergader met die Pastore broederkring (fraternal) van Xai Xai en die pastors is baie opgewonde oor die begin van 'n radio projek hier. Hulle wil nie net met die projek gaan op die plaaslike radio uitsaai nie, maar ook (heelwat later) oor die nasionale seders. Daar is ook 'n paar name uitgesit waaroor daar gebid gaan word vir 'n naam vir hierdie projek. Byvoorbeeld:

Jesus te Ama (Jesus het jou lief); Jesus Fala (Jesus Praat); Jesus na Porta (Jesus is by die deur); Jesus Vira (Jesus sien); Tana ka Yesus (Kom na Jesus). Daar is ook 'n afgevaardigde gestuur na die plaaslike radio stasie, om al die nodige inligting bymekaar te kry, sodat ons met verdere onderhandelinge na Radio Kansel en UCBA kan gaan.

Ons gaan ook saam met die gemeente in Xai Xai uitreik na die kampe van die vloed geteisterdes en hand by sit met uitdeel van kos en klere. En beoog ook om die Jesus film daar te vertoon, sodra ons toestemming van die staat ontvang het.

Nuusbrief -April 2013

Die Radio projek se planne is ingedien vir die bou van die ateljee en dit is intussen goed gekeur. Die kerke het grond beskikbaar gestel vir die bou daarvan.

Ons is in die proses om 'n besigheids plan op te trek vir Radio kansel in SA, waarna hulle sal kyk en dan as dit vir hulle aanvaarbaar is sal hulle die projek steun deur die toerusting te verskaf vir opnames, opleiding ens. Hulle raak gladnie betrokke by die bedryfskoste van die projek nie, ons ondersteuning is te min om nou die projek te dra. Bid asseblief saam met ons dat die Here die nodige fondse sal voorsien.

Allen is op Gurue toe om ons laaste goed te gaan haal, die foute rondom die krag van Gurue se Radio projek uit te sorteer, en ook 'n vergadering met die Radio projek komitee (die pastore) te bele .In die vergadering het hulle ook besef dat hulle nou self verantwoordelikheid rondom die projek moet vat, en hulle kan. Wat is die sin daarin om 'n projek te begin en dan nie dit wil oorgee nie. Die outjies is baie oulik en meer as bevoeg om dit te hanteer.

Nuusbrief -Mei 2013

Hier gaan dit goed, besig soos altyd. Ons is dankbaar dat die Here ons steeds daagliks dra en beskerm Die koue sluip ook in hier, en ons trek komberse nader.

Allen het Malaria gehad, dit is darm nou weer weg, maar hy is bietjie verkouerig en sukkel om oor dit te kom. Die Malaria breek mens se immuunsisteem af en maak mens dan vatbaar vir enige ander kiemme.

Ons het ook intussen `n besoek gehad van ons sturende gemeente en dit was vir ons heerlik om hulle hier te kon ontvang. Dit is vir ons goed dat hulle kon sien waar ons woon waarmee ons daaglik besig is, ook kon ons predikant Louis Cloete en sending voorsitter Flip Coetser die IRM pastor onder wie ons hier werk ontmoet en gesels oor die projek. Louis en Flip het ook saam met ons die Saterdag middag op die strand ontspan, en kon hulle ook sien hoe ver ons eintlik van die see af bly.

Ons het hierdie maand weer `n paar vergaderings gehad, als is nog in die beplannings fase van die projek, so vergaderings word gehou, soos maar net die Mosambiekers dit kan doen.

Die planne is opgetrek en geregistreer vir die ateljee en die grond is reeds beskikbaar gestel ons kan nou begin bou, daar is geen fondse om dit te doen nie,. Met die radio projek sal ons 1, 120.874 mense kan bereik met die evangelie, ons glo vas dit is in die Here se wil om te vas en te bid dat die Hy ons van die finansies om die projek te bedryf. bid asseblief saam met ons vir die nodige die nodige fondse sal voorsien. In die Woord staan - wat Hy het begin sal Hy voleindig

Ek Ansie het die gemeente kinders vir `n week skool vakansie daaglik besig gehou met `n paar projekkies. Soos kinders maar is, is ek nou `n paar potlode en skerkies armer, maar as hulle dit kan gebruik dan is dit goed so. Die kinders is nogals woelig en my helper het siek geword, so ek het `n vol week gehad.

Info: Werk wat NG Kerk o.l.v. Wes-Kaapse Sinode in MOSAMBIEK doen

'n Kerk word gebore

In 1908 begin di. Andrew G. en William H. Murray die eerste sendingstasie van die NG Kerk in Mosambiek by Mphatso in die Tête-provinsie (Noord-Mosambiek). Inheemse evangeliste uit Malawi kom ook help evangeliseer en in 1910 word die eerste drie volwassenes gedoop.

Die kerk groei bestendig, maar in 1922 word hulle werk deur die Portugese regering verbied en Protestantse gelowiges word vervolgt.

Vyftig jaar later begin di. Nehemia Katundu en Pieter Botha weer vanuit Malawi in Mosambiek werk, maar dit word in 1975 as gevolg van politieke spanning tussen Malawi en Mosambiek opgeskort. Intussen het ds. Pedro Tembo, 'n swart sendeling van Suid-Afrika, in 1971 in die Gaza-provinsie (Suid-Mosambiek) begin werk.

In 1975 neem die kommunistiese Frelimo-party die bewind oor en kerkskole en -hospitale word genasionaliseer. Kerke is gesluit en Christene is vervolgt. Burgeroorlog breek uit en duisende vlug oor die grens na Malawi waar gelowiges byeenkom en Bybelonderrig en katekisasie ontvang. Die ouderlinge in Mosambiek is deur ds. Pieter Botha per brief vanuit Suid-Afrika begelei om hulle eie sinode te stig.

Na baie gebede is die IRM (Igreja Reformada em Moçambique) in 1977 gestig. Drie lidmate, David Chikakuda, Fanuel Kasamba en Joshua Mlinde is deur die Bungwe la Naini, die sogenaamde “Groep van Nege” en die “Groep van Tien” (wat in die afwesigheid van predikante leiding in die kerk neem), na Zambië gestuur om as leraars opgelei te word.

Vroeg in die tagtigerjare word die burgeroorlog egter so heftig dat die platteland ontvolk en die IRM se drie leraars na vlugtelingskampe in Malawi en ds. Tembo na Maputo gaan.

Die terugkeer van die NG Kerkfamilie

In die laat 1980's gaan die deure vir sendelinge weer oop toe pres. Samora Machel kerke vra om sy land te help opbou. In 1986 word ds. Pieter Botha en sy vrou, Jeanette, as dosente by die interkerklike kweekskool op Ricatla naby Maputo aangestel. Ds. Kobus Minnaar sluit hom by die Botha's aan en in 1990 begin hy 'n gemeente op die been bring op Vila Ulónguè.

In Julie 1991 bou die Ring van Tulbagh die nuwe kerkterrein op Vila Ulónguè en word ds. Willie Gouws en sy vrou, Griet, daar geplaas.

Sedert die 1980's was Mosambiek besig om uit die as van 28 jaar se oorlog – eers 'n vryheidsoorlog en toe 'n burgeroorlog – op te staan. Hierin het die kerk reg vanaf die begin 'n baie belangrike rol gespeel. Die evangelie is met opwinding ontvang en die kerk was verstom oor die groei van gelowiges in die afwesigheid van kerkstrukture in die dekades van verbanning.

Drie Sinodes

Die IRM bestaan tans uit ongeveer 80 000 lidmate, 62 gemeentes en 55 predikante. Die drie sinodes Tumbine, Mphatso en Novo vorm saam een Algemene sinode

Diens- en Getuienisaksies

Die Hefsiba Instituut vir Christelike Hoër Onderwys op Vila Ulónguè het universiteitstatus in Mosambiek en bied die volgende kursusse aan:

- 'n Evangelis-sertifikaat (een jaar)

- 'n Teologie-diploma (drie jaar)
- 'n Teologie-graad met honneurs (vier jaar)
- 'n Sielkunde-graad (Christelike berading) met honneurs (vier jaar)
- 'n Teologie-sertifikaat vir die vroue van teologie-studente (drie jaar)

Hulle beoog ook om kursusse in Besigheidsbestuur en Rekeningkunde te implementeer.

Die **Gemeenskapsgesondheidsprojek** op Vila Ulónguè staan onder leiding van Pascoal Cumbane wat bygestaan word deur Daussi Nthenga, Fátima Jonasse en Lucretia Avora Mario. Die projek maak gebruik van 'n mobiele eenheid wat nege klinieke in die omgewing bedien. Hulle fokus op gesinsbeplanning, voorgeboortesorg en gesondheidsorg vir kinders onder vyf jaar.

Ander Vennootskapsaksies

Verskeie projekte word in Tumbine (Noordoos-Mosambiek) deur RUVUMA, 'n vennootskap van ongeveer 21 NG Kerkfamilie-gemeentes, gekoördineer.

- Handevat-projek – Danie Murray
- Volwasse geletterdheid by Milange – John Roux (konsultant)
- Die Woordskool by Gurue – Allen en Ansie van der Merwe
- Kerkplanting by Muapula – Frits en Nickey van der Merwe
- Evangelisering van Makwes by Quionga – André en Anna-Marie Thiant
- Gemeenskapsprojekte by Nacala – Kotie en Rina Smit
- Verhoudingsbou onder Moslems by Namau - Johan en Enna Dames
- Radiostasie by Chiconono – Normand en Henriëtte Saindon

LAUDIUM

Brief ontvang vanaf Johan Naudé: April 2013

Isn't it remarkable that Paul wrote in 1 Cor. 15 : 3 & 4 "I passed on to you what I received, which is of the greatest importance: that Christ died for our sins ... that He was buried and that He was raised to life three days later ..." We have just celebrated the fact that Jesus became our Passover Lamb who paid for our sins – once and for all! Praise the Lord for that!

It was therefore not 'easter time' that we celebrated – the time when the easter egg was laid, or the easter bunny was born, or the hot cross bun was baked - it has got

nothing to do with that - but that Jesus, my Saviour, purchased my redemption with His own Blood.

This is the message we proclaim to a people who, like the Muslim people, was told that – “Christ was not crucified, nor did He die” And to the Hindu people, to whom the crucifixion of our Lord is nothing but ‘folklore’, or a ‘myth’ which forms part of the multitude of myths on the origin and existence of a multiplicity of gods - stories which has been transferred from one generation to another.

“It is of the greatest importance” that we take the message of having a personal relationship with Jesus, to all people everywhere – this Jesus who said in John 14 : 6, “I am the way, the truth, and the life – no one comes to the Father but by Me.”

A Short Testimony by Gerhard Hoffmann - Sunile & Linga

On the 18th of March this year, we visited Loisa, a Christian lady living with her Hindu husband Linga and their four sons – one being Suniel. We shared the Gospel with Linga and Suniel, and both of them indicated that they wanted to accept Jesus as their Saviour. We however cautioned them first to consider the cost, and gave them some literature, and asked them to pray to God about tis great step they wish to take.

We visited this family a week later, and we were overjoyed to find that both Linga and Suniel have decided to give their lives over to Jesus – this after consieding the previous week’s instruction on considering the implications of such a step on their lives. We encouraged them to make Jesus the Lord of thier lives and to fully trust in Him. We also handed each of them a Bible of their own, and encouraged them to study the Bible and also pray on a daily basis. Please pray that they will continue to grow spiritually, and that Louisa, the other Christian in the home, will help, encourage and guide them in their new-found faith.

Please also pray that Sunile and Linga – especially Linga – will remain steadfast as the family is pressurising them to turn back to Hinuism. We intend starting a Bible-study in their home next week, to help them understand the Bble more clearly and thus help them to grow spiritually.

Please also pray that God would give us the wisdom to guide them, love them and support them in their spiritual walk with God.

RCA Charisma – Web-page

If you would like to know more about the activities in the Charisma Congregation, or that of the Laudium Outreach Group - Alan Wainwright had put together a great presentation which would help you in effectively praying for the work in Laudium.

The web-address is www.rcacharisma.org. We hope to be updating the web with articles and photos of the events taking place in and around Charisma – and of course of the Laudium Outreach Group as such.

Prayer guide

Christine Vroon had taken on the task of updating everyone with prayer requests emanating from our weekly outreach ministry and we hope to be sending these out to you on a regular basis.

Please pray for the team from Operation Mobilization who will be joining the Laudium Outreach group in doing outreach work in Laudium towards the end of June this year. Pray that the Lord may richly bless our efforts together, and that many will come to know Jesus as the Saviour of their lives.

Please pray for the Christian churches in Laudium that God will visit Laudium with a life-changing spiritual revival, similar to what was experienced and described in the Book of Acts. We thank the Lord for the 'spiritual rain' that we are currently experiencing, but our prayer is for many more 'showers of His blessing' to pour down and bring healing to this thirsty part of our country.

We also would like to thank all who have been praying for and supporting this ministry through the years. May the Lord bless you for making it possible for us to continue with this calling. We sure salute you for that.

We would also like to pray God's blessing on each and every one of the members of the Laudium Outreach Group – they have diligently laboured for the extension of God's Kingdom and have spent many hours in reaching the un-reached for Christ. Thank you so much for your dedicated and voluntary labour in His service.

22 04 2013 PRAYER REQUESTS DONATHAN AND FAMILY

Please pray for Donathan, his wife Monica and his son. Donathan is faithful in looking after his wife and son. Monica has asthma and is 24/7 on oxygen supply. Their son is a paraplegic after he was stabbed 4 years ago during a family quarrel. Please pray that he will have complete assurance of salvation in Jesus Christ, and that he will be able to share the good news with his family.

ZAIN AND GAFEETHA

Please pray that Zain and Gafeetha will take the Bible seriously and commit their lives completely to the Lord.

VANIDA

Please pray for Vanida – during our visit she literally poured out her heart to God in repentance and experienced God forgiving her and freeing her from the bondage of the devil. Pray that God will do great things in and through her life.

MALAWI PEOPLE

Please pray for the Malawi people we met with last Monday night. There are still a multitude of spiritual questions in their lives that need to be answered. Please pray for us for guidance on how to continue to disciple these people.

SALLY AND FAMILY

Please praise the Lord that Sally's son has stopped drinking and pray that he will remain sober. Please pray that she and her family will come to faith in Jesus and that they will be witnesses for Jesus in the community.

SUNDRA AND SAVIE CHETTY

Please pray for Sundra and Savie Chetty. They are Hindus that are very negative about the national government and the current socio-political situation that we are experiencing. They cannot understand that a loving God can allow these things.

Please pray that they will understand that God is an almighty God who has his own way of doing things and that He is in control of the universe. Pray that they will understand that God loves them and that He has a plan and purpose for their lives.

Ds Leon Tait vertel oor SENDING SONDER GRENSE

Ek is steeds besig om op die Sondag wanneer ek nie by Rietfontein-Suid preek nie, by Afrikaanse gemeentes namens SSG te preek, 'n aanbieding oor SSG se werk te doen en borge vir kinders/families te werf. **Groot dank aan almal wat so getrou vir hierdie bedieningswerk bid.**

Die Here is uiters getrou! Orals waar SSG se werk in gemeentes bekendgemaak word, raak Hy lidmate se harte aan om maar nie net vir hierdie saak te bid nie, maar om ook self kinders te borg.

Ongelukkig het ek tot dusver vanjaar maar min geleenthede op Sondag by gemeentes gehad. Bid asseblief vir meer geleenthede vir die res van die jaar.

Indien u deurlopend (so een keer elke week/2 weke) via sms terugvoer wil kry en wil bid vir hierdie saak, kontak/sms my asseblief by 082 601 4235.

Indien u meer wil weet of wil betrokke raak deur bv 'n kind te borg, of u wil hê dat ek by u omgeegroep of bv 'n groep by u werk meer moet kom vertel en wys van hierdie werk wat Sending Sonder Grense doen, is u meer as welkom om my te kontak.

Hier volg 'n bietjie inligting oor van die werk wat SSG doen:

Ons Sorg Vir Bejaardes

Die doel van die Gemeenskapsentrum-program is om, deur vennootskap met die Kerk, die plaaslike Kerk in Oos-Europa te versterk deur met welsynshulp uit te reik na die armes en behoeftiges in hulle gemeenskappe. Ons fokus verder daarop om die Kerk in staat te stel om 'n gekwalifiseerde persoon te hê wat die mense, wat gehelp word, kan bystaan met hulle emosionele en geestelike behoeftes.

Die Gemeenskapsentrum-program word uitgevoer met die ondersteuning en betrokkenheid van borge in die Weste. Ons staan die mense by sonder inagneming van hulle geloof, etniese agtergrond of politieke sieninge.

Daar word sterk klem gelê op barmhartigheid en God se liefde vir mense in verarmde en moeilike omstandighede. Staatspensioene voldoen nie aan bejaardes se basiese behoeftes soos kos, klere en skuiling nie. Boonop ondervind bejaardes ook sosiale isolasie, geestelike disoriëntasie en verskeie gesondheidsprobleme op 'n daaglike basis... hulle is dikwels ondervoed en verwaarloos en word oorgesien deur die breë gemeenskap.

Deur sokombuise in teikengebiede te vestig, is SSG en ons vennote in staat om daaglik aan hierdie mense kos te voorsien en berading vir hulle emosionele behoeftes. Verder word hulle harte ook met die reddende genade van Jesus Christus bedien.

Navrae aangaande sendelinge

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kontak die volgende persone wat met spesifieke sendelinge kontak behou:

Ds Corné du Plooy
Sending Sonder Grense
Koerde

Ds Leon Tait
012-333 2470

Ds Hannes Peens (Limpopo)

Stanwin Street
079 525 5695
Carl de Beer
083 443 9256

Mosambiek radiostasie

Japie en Ena le Grange
012-331 3953

Gebedsketting
Laudium

Alet Briers
012-331 1311

Alta Glas

Koenie Goosen
084 652 8773
012 333 5325

Sendinggroete in Christus

Taakspan vir Sending

NG Gemeente Rietfontein-Suid, 16e Laan 615

Tel. 012-331 3531 (Kerkkantoor)

As gevolg van hoë posgeld stuur ons nie meer kwitansies, van inbetalings by sending, outomaties uit nie. Indien u 'n kwitansie van u inbetaling verlang los 'n boodskap by die kerk kantoor of sms 0834439256, en ons stuur vir u 'n kwitansie.

By voorbaat dank, Sending taakspan